GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

GRAAD 7 GEDIGTE:

DIE BESTE PA

Slimkop menere Stephanus,
Marthinusen Hermanus
stry wiese pa's die beste
van die Kaap tot die Noordweste.

Hermanus se pa is advokaat
wat help met belangrike raad en daad.
Oor kontrakte, testamente en ou dokumente
skryf hy lang en geleerde argumente.

Stephanus se pa is mediese praktisyn
Hy kyk na élke soort klagte en pyn.
Been-af, blou-oog, taai truffeltong, maagkramp, skoolsiek en
ontsteekte long.

Nee wat, sê Marthinus de Waal,
Julle pa's klink vir my maar doodgewoon vaal.
Advokate en dokters, prokureurs en ingenieurs,
ek meen dis 'n lewe vir blote amateurs.

Want mý pa ... Nou ja ...
My pa is 'n takhaar uit die hippiejare
'n longboard-branderplankryer
'n cruising Harley-Davidson-vryer
'n punk band (lead singer) leier
wat alle gewone jobs weier
hy rock-'n-roll en boy oh boy,
kan hy vir jou 'n heuprol gooi!

Adri Troskie-Vivier

MONSTERPARTYTJIE

Daar's 'n monsterpartytjie
op oom Piet se plaas,
elke gogga en geitjie
wil grootpraat en raas.

'n Benerige geraamte
is heel uit sy humeur
en 'n wit spookgedaante
loop dwarsdeur die deur.

'n Besete kadawer
jaag 'n afbeen-kind,
eet 'n bloedrooi papawer
en foeps in die wind.

Daar's 'n haan met 'n houding,
ag hemel behoed!
Hy pronk rond soos 'n skouding
en skiet wie hom groet.

Dis moord en dis oorlog
in oom Piet se huis,
elke grynsende gedrog
lê in met die vuis.

Dis 'n aaklige storie,
die toekoms lyk sleg,
by my goeie gedorie:
bly liewer daar weg!

Annemari Coetser

GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

PASOP! DIS ‘N BOEK....

Passop!
Dis ‘n boek...
en ‘n boek is ‘n deur.
As jy dit oopmaak,
wie weet wat gebeur...
Dalk lei dit jou
na ‘n draak se spelonk,
‘n oerwoud, ‘n spookhuis,
‘n seerowertronk.
Dalk beland jy
in ‘n prins se paleis
of op ‘n skip wat
die ruimte deurkruis.
Dalk is daar slange
en wolwe en tiere,
towenaars, feetjies,
Vikings, vampiere,
‘n monster, ‘n mummie,
‘n Zombie of twee,
of ander goed
wat jou hoendervleis gee.
Dalk verdwaal jy
in ‘n diep, donker bos.
Dalk moet jy ‘n speurder
help om raaisels op te los.
Dalk maak dit jou hartseer,
dalk laat dit jou lag.
Dalk maak dit jou dag.
Wie weet wat daar binne
met jou kan gebeur.
Is jy dapper genoeg?
Wel, maak oop daardie deur...

Jaco Jacobs

BESOEK
WWW.NUKLEUS.CO.ZA/KULTUUR-KOMPETISIES
OM IN TE SKRYF